Nuus uit die SABT-raad

Bronne: SABT-raad en Skoukomitee
Datum: 11 Augustus 2009

SABT-raadslede en senior keurders het die langnaweek van 8-10 Augustus aan vergaderings en opleiding afgestaan. Skoukomitee- en Raadsvergaderings is op Saterdag die 18de gehou. Op die 9de en 10de het Raadslede wat ook senior keurders is, by die ander keurders vir ‘n praktiese en teoretiese werksessie aangesluit.

Hierdie verslag bied ‘n oorsig van die belangrikste besluite tydens die vergaderings.

Hoogste punte geld voortaan na herkeurings

Die SABT het nog ‘n stap verder gegaan in die verslapping van voorwaardes ten opsigte van herkeurings. By hierdie laaste vergadering het die Raad besluit dat van 8 Augustus af die hoogste punte wat ‘n hond tydens ‘n keuring of herkeuring behaal, sal geld. Dit is ongetwyfeld goeie nuus vir eienaars wat dikwels huiwerig is om hulle honde te laat herkeur omdat hulle dalk laer punte mag behaal.

Lede word ook herinner dat die Raad in Februarie die 6-maande tydsbeperking op herkeurings opgehef het omdat lede van mening is dat eienaars self behoort te kan besluit wanneer, en of hulle honde vir herkeuring gereed is.

Skoureëlings in volle swang

Die meeste van die reëlings vir die SABT-streekskoue van 5 tot 26 September en die Kampioenskapskou in Parys in die Vrystaat op 7 November is nou in plek. Die skoureëls, klasindelings, verloop van verrigtinge, gedragkode, beoordelingskriteria en die ook die *pro forma* inskrywingsvorm is op die Skoubladsy beskikbaar.

Bykomende inligting sluit in: Geleenthede vir trofeeborgskappe, verwysings vir verblyf in Parys en die ‘Loslitbyeenkoms’ wat vir die aand voor die Kampioenskapskou beplan word. Die Streekskou-uitslae sal binne enkele dae na die onderskeie skoue afgehandel is op die webtuiste gepubliseer word.

Oproep tot hulp met die ‘skoonmaak’ van die databasis

Alle lede en Boerboeleienaars sal binnekort ‘n skrywe ontvang waarin hulle versoek word om hulle kontakinligting te verifieer. Persone van wie die SABT e-posadresse het, sal ‘n direkte skakel na ‘n aanlyn-verifiëringsvorm kry, terwyl ander eers SMS-versoeke vir e-posadresse sal ontvang.

Die SABT doen ‘n beroep op alle ontvangers om positief en vinnig op hierdie kommunikasies te reageer. Hierdie projek is die eerste fase om die huidige databasis in lyn met moderne kommunikasietendense te bring sodat dit aangewend kan word vir doeltreffende beplanning en betroubare navorsing in die belang van lede en die Boerboelras.

Die Raad bied die versekering dat alle inligting slegs ter verbetering van organisatoriese funksies gebruik sal word en dat dit nie aan enige derdepartye beskikbaar gestel sal word nie. Die nodige sisteme is ook in plek om inligting wat elektronies verkry word, te beskerm.

Registrasie van Boerboele van ander organisasies

Daar heers nog heelwat onsekerheid oor die SABT se aanvaarding van nie-geregistreerde Boerboele en Boerboele wat by ander organisasies geregistreer is. Die Raad het weer bevestig dat enige Boerboel by SABT-keurings welkom is, maar dat bepaalde voorwaardes moet geld om die integriteit van die Vereniging se databasis te beskerm. Die voorwaardes is as volg:

Volle registrasie
Die SABT aanvaar alle honde wat vir keuring en registrasie aangebied word, mits:
(i) die hond ‘n SABT-geboortesertifikaat het;
(ii) die hond 75% tydens ‘n keuring behaal.

Ontwikkelingsregister
Honde kan in die volgende omstandighede in die Ontwikkelingsregister opgeneem word:
(i) Die eienaar moet ‘n SABT-lid wees / by die SABT aansluit.
(ii) Waar die vereiste dokumentasie onvolledig/afwesig is of deur ‘n ander organisasie uitgereik is, sal die Uitvoerende Komitee die eienaar se aansoek om registrasie op meriete oorweeg.
(iii) Indien die hond ’n minimum van 80% behaal, word hy/sy in die Ontwikkelingsregister opgeneem.
(iv) Hy/sy se eerste nageslag sal in die Ontwikkelingsregister opgeneem word indien hulle ’n minimum van 80% behaal.
(v) Hy/sy se tweede nageslag kan in die Ontwikkelingsregister bly indien hulle ’n minimum van 80% behaal.
(vi) Wanneer hy/sy se derde nageslag ’n minimum van 85% behaal, kan hulle in die Registrasieregister opgeneem word. Indien nie, bly hulle in die Ontwikkelingsregister.

Keurderopleiding

Die Raad het sy spyt uitgespreek dat die keurderopleidingskursus wat vir Juniemaand in Gauteng geskeduleer was, weens onvoorsiene omstandighede gekanselleer moes word. Hierdie kursus sou belangstellende Boerboelentoesiaste en -telers die geleentheid bied om as keurders opgelei te word. Sodanige kursusse kan moontlik nog in 2009 aangebied word – waarskynlik in Oktober in Gauteng en die Wes-Kaap. Belangstellendes moet asseblief met hulle Raadslede of die Voorsitter van die Rasstandaardkomitee Thys von Solms, in verbinding tree.